Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk
(Registrasienommer 02/01164/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geregistreer)
("HL&H")

Omsigtigheidsaankondiging

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk is gemagtig om aan te kondig dat Industrial Partnership Investments Beperk ("IPI"), 'n filiaal van Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt"), dit oorweeg om reëlingskemas kragtens Artikel 311 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Wet"), tussen HL&H en sy gewone en voorkeuraandeelhouers en enige ander houers van tersaaklike instrumente, uitgesonderd IPI ("skemalede") voor te stel ("die voorgestelde skemas"), of om dit op sodanige ander wyse voor te stel wat IPI as meer kostedoeltreffend mag beskou en wat dieselfde uitwerking as die voorgestelde skemas sal hê.

Aandeelhouers word verwys na die gesamentlike omsigtigheidsaankondiging van HL&H en die Tongaat-Hulett Group Beperk ("Tongaat") in verband met die potensiële verkoop aan Tongaat van Transvaal Sugar Beperk ("die TSB-transaksie").

IPI sal dit oorweeg om die HL&H gewone en voorkeuraandele asook enige ander tersaaklike instrumente gehou deur skemalede, effektiewelik vanaf die rekorddatum te verkry, wat nie vroeër sal wees as ongeveer twee maande nadat die Kompetisiekommissie die TSB-transaksie goedgekeur het nie, en wel vir 'n kontantteenprestasie van 850 sent per HL&H gewone aandeel en 900 sent per HL&H voorkeuraandeel.

IPI sal slegs aan die voorgestelde skemas gevolg gee indien;

– daar geen wesenlike verandering in die opbrengs soos deur HL&H vereis, naamlik R900 miljoen, vir die verkoop van Transvaal Suiker Beperk ingevolge die TSB-transaksie is nie;

– die TSB-transaksie onvoorwaardelik word en geïmplementeer is; en

– die vereiste goedkeurings deur die Johannesburgse Aandelebeurs, die Paneel oor Sekuriteiteregulering ("die PSR") en enige ander tersaaklike regulerende liggame ontvang word.

IPI mag dit oorweeg om in die geval van nie-nakoming van een of meer van bogenoemde voorwaardes wel die voorgestelde skema te implementeer.

Die voorgestelde skema sal onderworpe wees aan die volgende opskortende voorwaardes:

– die toestaan deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika ("die Hof") van Bevele ter byeenroeping van afsonderlikeklas-vergaderings van skemalede om die voorgestelde skemas te oorweeg ("skemavergaderings");

– instemming tot die voorgestelde skemas tydens die skemavergaderings deur 'n meerderheid verteenwoordigend van drie vierdes van die stemme uitoefenbaar deur die skemalede wat op die skemavergadering teenwoordig is en wat òf persoonlik òf deur middel van 'n gevolmagtigde daarop stem;

– bekragtiging van die voorgestelde skemas deur die Hof kragtens die Wet;

– die registrasie van gewaarmerkte afskrifte van die Hofbevele ter bekragtiging van die voorgestelde skemas deur die Registrateur van Maatskappye; en

– bevestiging deur RAD aan die PSR dat IPI oor voldoende bronne beskik om aan die voorgestelde skemateenprestasie te voldoen.

Indien enige verandering in die tydsberekening van die voorgestelde skemas voorkom, sal aandeelhouers in die pers daarvan verwittig word.

HL&H-aandeelhouers word vervolgens gemaan om verhandelinge in hul aandele met omsigtigheid aan te gaan totdat 'n verdere aankondiging gemaak word.

Sandton
28 Januarie 2000

Beleggingsbank en Korporatiewe Adviseur

Real Africa Durolink Investment Bank Beperk
(Registrasienommer 87/05258/06)

Korporatiewe Prokureurs en Konsultante

EDWARD NATHAN & FRIEDLAND (EDMS) BPK
(Registrasienommer 1999/026464/07)

FCB Jonssons